

10 Maart

Skrifgedeelte: Genesis 29:1-30

Wat jy saai, sal jy maai

Boontjie kry sy loontjie. Jakob het sy pa en sy broer bedrieg. Nou word hy self deur sy oom bedrieg. Wat Laban aan Jakob doen, is 'n spieëlbeeld van wat Jakob gedoen het. Toe Esau deur honger gedryf was, het Jakob sy eersgeboortereg geneem; toe Jakob deur liefde gedryf is, is hy gekul. Hy het sy broer van sy eersgeboorteseën beroof; hy word verplig om met die eersgebore suster te trou. Soos hy sy pa Isak in sy blindheid bedrieg het, so bedrieg sy skoonpa Laban hom terwyl hy wat Jakob is, blind van liefde is. Op dié wyse het die verlede Jakob op 'n onverwagte wyse ingehaal. So kom die sonde gewoonlik terug om by ons te spook.

Jakob was woedend toe hy agterkom dat Laban hom bedrieg het. Dit is so tipies van 'n mens om kwaad te wees as jy onreg aangedoen word. Wanneer jy iemand anders egter onreg aandoen, kom jy dit nie eers agter nie.

Al was Jakob die slagoffer van sy eie optrede, het God die omstandighede gebruik om sy beloftes te vervul. Die twee vrouens het vir hom kinders in die wêreld gebring sodat hy 'n groot nageslag gehad het, presies soos God by Bet-El belowe het.

Jesus Christus was ook die slagoffer van bedrog en kullery. Anders as by Jakob, was dit in sy geval nie die gevolg van sy eie daade nie. Dit was die gevolg van ons daade. Deur die onreg wat Hom aangedoen is, is ons egter verlos. Jou verlede hoef nie meer by jou te spook nie.

Sing: Psalm 38:1

Ds JL van der Schyff (Petrusburg/Boshof)